



PAUL ROOS

GIMNASIUM | GYMNASIUM

☎ (021) 887-0017/77 📠 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

4 Oktober 2024

Geagte Graad 8-leerders en ouers van 2025

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om u en u kind by Paul Roos Gimnasium te verwelkom. Ek is opgewonde om hierdie nuwe hoofstuk saam met julle te begin en wil ek graag belangrike inligting met julle oor die akademiese en emosionele ondersteuning wat vir u kind beskikbaar is, deel.

Op die PRG-webtuiste is daar inligting rakende die leerderondersteuning beskikbaar. Om u kind se akademiese sukses te verseker, moedig ek u graag aan om ons betyds in kennis te stel van enige akademiese of emosionele uitdagings wat u kind mag ondervind. Vroeë en duidelike kommunikasie stel my en die skool in staat om die nodige ondersteuning so gou as moontlik te bied.

Indien u kind reeds enige akkommodasie tydens toetse en/of eksamens benodig, is dit van uiterste belang dat u my voor die aanvang van die 2025-akademiese jaar in kennis stel. Ek sal ook 'n afskrif van hul sielkundige evaluasieverslag en enige ander relevante inligting oor hul akkommodasie benodig.

Daar sal ook 'n Inligtingsaand vir ouers wees waarby enige navrae oor akkommodasies bespreek sal word.

Paul Roos Gimnasium bied ook ondersteuning deur die Tutorprogram. In die program bied Graad 11 en 12 leerders 'n een-tot-een ondersteuning. Die Tutorprogram word nie as 'n klas beskou nie, maar eerder as 'n geleentheid waar leerders uit leerders perspektiewe kan leer. In die program word daar gefokus op vakke en onderwerpe wat uitdagend is. Die program is 'n uitstekende manier om kleinder akademiese uitdagings aan te spreek voordat dit 'n ontoereikbare hindernis word.

Indien daar enige navrae is, moet u nie huiwer om in kontak met my te tree nie. By Paul Roos Gimnasium is elke leerder vir ons belangrik en wil ons graag die nodige akademiese en emosionele ondersteuning bied.

Mrs Emsie de Lange
Hoof:Leerderondersteuning
edelange@paulroos.co.za